

Dr Andries Hoffman ontvang emeritaat ... en die CP Theron waardering

Dr Andries Hoffman het onlangs, na 'n dienstydperk van meer as 31 jaar in die NGKA Gemeente Botshabelo, sy emeritaat aanvaar. Hy het daar as leraar van die NGKA en as gestuurde van Vennote in Getuienis gewerk.



By die afskeid van sy gemeente in Botshabelo saam met kerkraadslede, familie en vrywillige ondersteuners.

Dr Andries het oor die jare baie mooi werk gedoen. Hy het regtig baie hard gewerk, meestal onder moeilike omstandighede, vir lang ure oor naweke en dikwels op pad. Hy moes Sesotho vlot leer praat, of, soos een van sy kollegas met waardering sê: hy het 'n volbloed Mosotho geword. Hy was baie lief vir die mense wat hy met die Woord bedien het, vir die kinders, vir die ou mense, vir die weduwees en wese. Hy het tyd vir hulle gemaak, huisbesoek by hulle gedoen, getrou tuis-nagmaal vir die siek ou moeders en vaders gaan uitdeel, jeugkampe gehou. Hy het die mense van Botshabelo geniet; hy het hulle mooi-wees as mense na God se beeld geskape raakgesien; hy het hulle as God se “genadegeskenke” aan hom as leraar leer waardeer en hy het hulle bedien. Sy hele bediening is gekenmerk deur deernis en vreugde, en baie humor. Hy kon die humor in situasies raaksien, maar self was hy gewoon ook met tye (nee, eintlik meestal) skreeusnaaks wees. Met sy pittighede, sy “Hongaarse” Engelse aksent, sy verstrooidheid, sy oorrompelende broosheid, sy egte nederigheid en sy begaafdheid, was hy baie geliefd – “Ntate Hoffie” het hulle hom genoem.

Andries het ook op 'n wyer terrein 'n groot bydrae gemaak, meer kere as skriba van die Vrystaatse en Algemene Sinodes van die NGKA. Hy het baie gehelp met die teologiese opleiding van leraars vir die NGKA. En hy het oor die jare vele brûe tussen Bloemfonteinse NG Kerk gemeentes en die NGKA gemeente in Botshabelo gebou. In Botshabelo het hy help vrede maak tussen die VGKSA en die NGKA. En hy het kerkgeboue help oprig. Dr Andries tree bietjie vroeër as wat nodig is af, maar hy is weer gekontrakteer om vir twee jaar op deelydse basis spesifiek te fokus op teologiese opleiding van studente en die

bedieningsontwikkeling van leraars in die NGKA. En hopelik sal hy bietjie meer tyd kry om saam met sy liewe vrou Joreda, wat hom oor al die jare met soveel toewyding en opoffering ondersteun het, te wees.




By die inwyding van die NG Kerkgebou op Clooclan, wat hy help bou het.



Dr Andries Hoffman en sy vrou Joreda.

By 'n geselligheid het Vennote in Getuienis onlangs aan hom die gesogte *CP Theron Waardering* toegeken, as erkenning vir buitengewone diens in die kerk en koninkryk. Hy is die derde persoon aan wie die toekenning gemaak word. Die toekenning is gekoppel aan die naam van die merkwaardige ds C P Theron (1844- 1924), wat 40 jaar lank leraar van Bethlehem was en tereg die “vader van die Vrystaatse sending” genoem kan word.



Waarderingsete waar die CP Theron Waardering toegeken word aan Dr Andries Hoffman. Vriende en familie het hierdie geleentheid bygewoon.